25 Oktober 2026

Oggenddiens

Sing: Ps. 48:1,4; Ps. 48:5; Ps. 105:23,24; Ps. 103:1,3; Ps.147:1,2

Lees: Efesiërs 4:17-32

Teks: Efesiërs 4:20-21

Tema: Ons het Christus leer ken daarom leef ons nuut

Dit wat ons was

Paulus skryf 'n omsendbrief aan gemeentes in die omgewing van Efese en Laodesea om aan hulle toe te rus wat dit beteken om kerk te wees. Die gemeente is die liggaam van Christus en moet dit as 'n getuienis in die wêreld uitleef. Daarom doen Paulus 'n ernstige beroep op die gemeente om te weet wat hulle was. Die gemeente van die Christus moet weet dat hulle vroeër soos die heidene in die wêreld was en dat hulle nou nie meer soos hulle moet wees nie. Hulle lewe nou 'n nuwe lewe

Hom wat ons ken

Teenoor die onrein lewenswandel van die heidene staan die nuwe lewe waarin die gemeente van Christus moet wandel. Die nuwe lewe het vir die gelowiges begin toe hulle Jesus as die Gesalfde leer ken het. Dit is wat die gemeente van Christus onderskei van die wêreld, naamlik dat hulle onderrig is in wat dit beteken om aan Christus te behoort. Die wat van hom gehoor het en Hom leer ken het en nou aan Hom behoort moet op hierdie nuwe lewensweg volhard.

Dit wat ons word

Die nuwe lewe waarop die gemeente nou moet volhard, spruit voort uit die feit hulle nuut gemaak is. wat die nuwe lewe behels word duidelik deur Paulus geleer. Dit behels dat die ou mens uit getrek moet word soos 'n mens vul klere uittrek en dan innerlik vernuwe word. Die Heilige Gees vernuwe ons innerlik sodat ons opnuut in hierdie wêreld kan leef. Dit is 'n lewe wat gekenmerk word deur geregtigheid en heiligheid, waarin ons hele lewe aan God gewy word.

Aanddiens

Sing: Ps. 92:1,6; Ps. 46:1,4; Ps. 150:1,3.

Lees: Esra 3:1-13

Teks: Esra 3:1

Tema: Die Here roep ons om te reformeer sodat ons kan dien, bou en Hom loof.

Reformasie en die diens wat ons bring

Die boek Esra vertel die geskiedenis van die volk wat terugkeer uit ballingskap en hulle weer in Juda en Israel kom vestig. Dit is 'n tyd wanneer die volk van die Here weer terugkeer na sy Woord om Hom te dien in alle waarheid. Nadat hulle teruggekeer het hulle in die sewende maand die Loofhuttefees gevier en voortdurend die voorgeskrewe brandoffers gebring. Reformasie moet in die ware diens van die Here begin.

Reformasie en die bouwerk wat ons doen.

Tog het die volk nie net die nodige feeste gevier en dan het elkeen maar weer met sy eie take voortgegaan nie. Gelyklopend het hulle ook begin om die fondamente van die tempel te lê en die bouwerk begin. Reformasie vir die volk van God loop hand in hand met die opbou van die volk. In die Nuwe Testament is ons nou die Tempel van die Gees en ons die lewende stene in die gebou van God.

Reformasie en die lof wat ons sing.

Hierdie reformasie was vir die volk nie 'n swaar plig om te doen nie, maar dat het hulle vervul met blydskap en vreugde. Die lofsange en die dankliedere kon ver gehoor word, want die fondament van die huis van die Here was gelê. Die hervorming is gekenmerk deur die lofpsalms van gelowiges wat opnuut in die ware diens van God kon staan tot opbou van sy kerk.